

# KOERSVAS

Jaargang 1      Uitgawe 24      20 September 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Verklaring

Nuusbrokkies

Kennisgewings



- Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.

## REDAKSIONEEL

### Waterskeidingsoomblikke

Daar is sekere waterskeidingsoomblikke in die geskiedenis van enige land, groep of organisasie. Daardie oomblikke wanneer die keuses wat gemaak word, 'n enorme impak het op wat die toekoms in gebeur. Hierdie oomblikke is nie altyd voorspelbaar nie, nog minder die gevolge. Dit is soms tog moontlik om in te sien dat 'n sekere gebeurtenis sodanige oomblikke bevat. Die 70e AKV is een so 'n gebeurtenis wat roep tot verskeie mespunt besluite.

Die eerste skeiding kan moontlik wees ten opsigte van die Kommissie wat gekies word. Dit is geen geheim nie dat die steedsHervormers en die Kommissie van die 69e AKV in dispuut was oor talle kwessies. Dit was veral hul hardhandige optrede wat wonde gelaat het. 'n Nuwe Kommissie wat vrede soek en nie eie optrede telkens probeer regverdig nie, kan ver vorder op die pad van versoening.

Die grootste waterskeiding gaan die AKV se besluite rondom onafhanklike gemeentes en gemeentelike eiendomme wees. Kies die AKV om die Kommissie se onwettige aanstel van 'n litigasie komitee goed te keur, wag daar 'n uitgerekte sware hofstryd vir almal betrokke. Litigasie is 'n duur dobbelspel. Om in die getuiebank onder kruisverhoor geneem te word, is uitmergelend. Albei partye is seker hulle kan wen. Kom ons beweeg verby die regsargumente en kyk na die gevolge. Wen die KommAKV die saak (vyf tot sewe jaar later) met koste, sit die Selfstandige

gemeentes met 'n benaderde skuld van **twintig miljoen rand**, sonder enige eiendomme (dit is die hoofsaak in die KommAKV se hofsake teen gemeentes), met geen manier om die skuld te betaal nie. Wen die Selfstandige gemeentes die saak met koste, sit die NHKA met 'n **skuldias** van twintig miljoen rand of te wel 'n eenmalige **heffing** van R240 verreken teen 85 000 lidmate, wat neerkom op amper 'n verdubbeling van die huidige heffing (Bly die huidige NHKA krimpings konstant, praat ons oor ses jaar van R285 per lidmaat verdeel tussen 70 000 lidmate). Natuurlik kan enige van die twee partye net die saak wen met elk vir eie reskoste verantwoordelik. Dit maak beide partye finansieel swak.

Net so ingrypend sal besluite rakende die steedsHervormers en die Staat van Belydenis wees. Besluit die AKV om die SH en Geloofsbond die rug te keer, is dit die einde van die pad en moet die 70 AKV erken dat afsondering afskeiding geword het. Aan die ander kant kan die AKV besluit om versoenend in gesprek te tree en te begin soek na meganismes wat versoening kan bewerkstellig. In hierdie hele proses sal mediasie belangrik wees.

Mediasie hoef nie noodwendig net in werking te tree indien die AKV besluit op versoening nie. Mediasie kan ook gebruik word om die vure in die pad vreedsaam en heelwat goedkoper te navigeer sonder inmenging deur hofgedinge.

Daar is ook ander besluite wat 'n impak kan hê op die verhouding tussen die NHKA en

haar lidmate. 'n Besluit om 54/69 te handhaaf, gaan baie lidmate ontstel. Ons hoef nie weer hier in te gaan op die debat oor die geldigheid van 54/69 nie, maar moet net stel dat dit staan as besluit todat dit herroep word (die besluit gaan beslis ook deel wees van die aansoek by die WCRC). Die opvolgbesluit stuit net soveel mense teen die bors.

Dan is daar die saak van volkskerk. Weens swak uitvoering van pligte, is die beskrywingspunte rondom die afskaffing van volkskerk nie een jaar voor die AKV versprei nie, selfs al het die voorstellers hulle deel kerkordelik korrek gedoen. Hierdie administratiewe "blabs" gaan swaar impakkeer op die aansoek by die WCRC, diegene wat baie sterk voel dat die konsep "onbybels" is, asook teen diegene wat 'n missionale kerkmodel voorstaan. Nou moet die AKV besluit: Die saak kan bloot oorstaan tot 2016, die werkgroep wat die nuwe kerkorde skryf kan opdrag kry om die saak uit te laat, die 70e AKV kan hulself in beginsel vir of teen die gedagte van volkskerk uitpreek. Die saak is emosioneel gelade, en watter besluit ookal geneem word, dit sal impakkeer op lidmate se verstaan van die NHKA.

Daar is verskeie beskrywingspunte rondom huwelik, die doop van saamwoon paartjies se kinders en homoseksualiteit, almal sake wat duidelike rigtings aandui. Dit is 'n bewese feit dat daar al in 2013 'n NHKA predikant was wat 'n homoseksuele paartjie in die eg verbind het in die kerk. Die 70e AKV kan dien as blote rubberstempel vir sy optrede of hom tot orde roep. (Tog jammer daar is nie met dieselfde ywer teen hom opgetree as wat daar teen sekere sH predikante opgetree word nie, dit sou ten minste die indruk van konsekwentheid geskep het.)

Die heffingsstelsel (herdoop tot gemeentelike offergawes sonder dat daar enigsins amptelik daarvoor besluit is) sal ook aanleiding kan gee tot ingrypende besluite. Gemeentes trek finansieel al hoe swaarder.

Teologiese opleiding sal ook weer onder die vergrootglas kom, maar die dosente het reeds by die BAKV spiere gebult met hulle beskrywingspunt rondom "verdagmaking van die dosente". Die debat sal daarom maar mak wees, en die besluite ondersteunend van die dosente.

Hierdie is van die sake wat aanleiding kan gee tot momente van waterskeiding. Almal

betrokke moet kennis neem dat die AKV as hele waterskeidingsoomblik in ons gebede is.

### **VERKLARING**

Die Geloofsbond van Hervormde gemeentes het met groot hartseer kennis geneem van die opmerkings wat dr Wouter van Wyk op Sondagoggend 15 September namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oor RSG gemaak het.

Ons het die opmerkings wat nie korrek is nie, as kwetsend en lasterlik ervaar. Dit is jammer dat hy die geleentheid om oor die 70e AKV te praat, weer eens misbruik het om stemming te maak teen die lidmate, gemeentes en ampsdraers wat hulself afgesonder het van die leiding van die Kommissie van die 69e AKV van die NHKA. Dit wil lyk asof onsensitiewe eiegeregtigheid die nuwe moontlikhede tot versoening wat 'n 70e AKV kan skep, wil kortwiek.

Die opmerkings rondom eiendomme grens aan lasterlik, veral aangesien gemeentes wettiglik met eiendomme gehandel het.

Die aantyging dat steedsHervormers lidmate verdryf het, illustreer die Kommissie se onkunde oor die uitwerking van hulle eie hardhandige optredes. Neem as voorbeeld dr. van Wyk se stelling dat lidmate wat die Staat van Belydenis onderteken het, nie meer lidmate van die NHKA is nie. Dit was juis die **Kommissie se optrede** wat direk verantwoordelik was vir die massa, onkerkordelike opskorting van lidmate se lidmaatskap.

Verder dui die getalle op 'n ander werklikheid as die een wat voorgehou word. Van die 15 000 lidmate wat die NHKA verlaat het, het 5000 lidmate tuisgekom in selfstandige gemeentes terwyl 'n verdere 10 000 lidmate skynbaar spoorloos verdwyn het. Dit is waar dat nie alle lidmate gekies het vir afsondering nie, maar die getal betrokke, is minimaal.

Dr van Wyk se bewering dat daar volgens 'n duidelike plan gehandel is, is van alle waarheid ontbloot. Daar is en was geen fyn uitgewerkte strategie nie, steedsHervormers het telkens na verbete pogings tot versoening noodgedwonge reageer op die nuutste Kommissie vervolgings.

Dit is ook nie korrek om te stel dat ampsdraers kerklike dissipline wou vryspring nie. Die realiteit was dat ampsdraers teen Kommissie-geleide viktimisasie, soos skorsing en ontheffing uit die amp, beskerm moes word.

Die Geloofsbond van Hervormde gemeentes bid tot die Here en dra die 70e AKV op aan Sy leiding. Mag die vergadering gekenmerk word deur rede en gelowige deernis. Die Geloofsbond reik die nuwe Kommissie die hand en nooi hulle om deel te neem aan die proses van mediasie sodat hierdie hele aangeleentheid vreedsaam opgelos mag word.

#### **NUUSBROKKIES**

- Die Geloofsbond groei steeds met nog 4 gemeentes wat aangedui het hulle onafhanklik wil funksioneer.
- Die notule van die eerste Geloofsbond se vergadering is versend. Ons dank aan almal betrokke, in die besonder ds Frans Marais.
- Di Daan van Wyk en Sonia van Wyk het dit goedgevind om die tydperk van ds Eddie Eckard se Kommissie-opgelegde skorsing te gebruik om al die pad van Wolmaransstad te ry en huisbesoek te doen by ouderlinge van Alldays. Werwing van lidmate of dalk soeke na 'n beroep. Gaan die Kommissie iets doen aan die kerkskeurende optrede deur te werk in 'n gemeente waar daar reeds 'n predikant is?
- Die finansiële komitee het die regspersoon geskep, die nodige wettige administrasie werk gedoen en ook 'n nuwe bankrekening oopgemaak. Neem asseblief kennis van die bank-besonderhede van die Geloofsbond: Ons versoek u as lidmaat en gemeente om voortaan van die nuwe rekening gebruik te maak wanneer geld aan die Bond oorbetal word.

#### **BANKBESONDERHEDE:**

**Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

**Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**

**Rekeningnommer: 6243 092 30**

**Tak: Pretoria Noord**

**Takkode: 250 655**

- Marinette du Plessis, advokate Renette en Roelof du Plessis se dogter, kaptein van die nasionale lewensreddingspan het na die internasionale kompetisie in Australië met 'n bronsmedalje huistoe gekom. Geluk!
- Dieselfde lidmaat van Zoutpansberg het 'n tweede dringende hofaansoek teen die Broodboom vereniging gebring. Met die eerste saak het die regter die saak van

dringendheid met koste verwerp. Die persoon wat die aansoek gebring het (met 'n belofte van finansiële steun deur die KommAKV) sal ook die regskoste van alle betrokke partye moet betaal. Die afgelope twee bloutjies se totaal staan nou al op R250 000 se regskostes, Ons regspan vertel met die tweede poging het die volgende gebeur:

- *SLEGS oordrag van HIERDIE eiendom word TYDELIK oorgehou, BY OOREENKOMS, totdat die aansoek gefinaliseer is;*
- *Die vorige dringende aansoek se kostes moet steeds deur Kern betaal word;*
- *Die Regter het GEEN bevinding gemaak nie. Hy het slegs die ooreenkoms 'n bevel van die hof gemaak. Niemand is gewaarsku nie en die regsvertegenwoordigers het in 'n goeie trant die skikking onderhandel.*
- *Daar is geen bevinding of uitsprake gelewer oor enige ander eiendom as die soos vervat in die hofbevel nie.*
- *Geen regshulp is verleen oor die bevriesing van fondse, gebruik van die gebou of prediking van Vereniging predikante nie. Alles gaan nog normaal aan en word die status quo steeds gehandhaaf. Ek kry baie navrae dat ons die aansoek "verloor" het en dat die Regter sekere bevel gemaak het wat nie in die aangehegte bevel vervat is nie. Dit is natuurlik nie waar nie en die inligting word opsetlik versprei om mense te mislei.*

#### **KENNISGEWINGS**

- Theresapark gemeente hou 'n Manne-ontbyt (eintlik mense-ontbyt want vroue is ook welkom) Saterdag 5 Oktober om 08:00. Die koste verbode aan die geleentheid is R100 per persoon. Slegs beperkte sitplekke oor. Skakel met ds Rudi Schoeman by 082 557 7340 of per e-pos [prschoeman@yahoo.com](mailto:prschoeman@yahoo.com)
- Premiermyn Hervormde Kerk het die eerste week in Desember 'n Kuns en Kerkmark. Enige persoon wat belangstel om 'n stalletjie met kwaliteit produkte te bespreek skakel met Alta 082 682 1252 of Yvette 072 223 7522